



# Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

## PRIVAATHEIDSVERKLARING

Hierdie privaatheidsverklaring is geldig vanaf 1 Julie 2021

### Doel van die privaatheidsverklaring

In hierdie privaatheidsverklaring word uiteengesit hoe die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika (NG Kerk in SA) u persoonlike inligting gebruik en beskerm ten einde te voldoen aan die vereistes van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet 4 van 2013 of "POPIA".

### Versameling en gebruik van persoonlike inligting

Die NG Kerk in SA lewer 'n diens aan gemeentes en moet dus met gemeentes (kerkkantore, predikante en ander persone) kan kommunikeer (e-pos, selfoon of telefoon). In spesifieke gevalle (soos vir reiskoste se betaling) word predikante, kerkraadslede of lidmate se identiteitsnommer en bankbesonderhede benodig.

#### ***Watter persoonlike inligting versamel ons?***

U persoonlike inligting sal u naam, van, kontakbesonderhede, demografiese inligting (soos ouderdom en adres), finansiële inligting soos bankrekeningbesonderhede (waar van toepassing) en ander noodsaaklike inligting bevat. Predikante se VBO-punte word byvoorbeeld aangeteken asook hulle kwalifikasies en vorige gemeentes waar hulle bedien het.

#### ***Hoe ons u persoonlike inligting gebruik***

U inligting word gebruik om u te kontak met noodsaaklike inligting vanaf die Algemene Sinode en die NG Kerk in SA en om die verband uit te bou.

### Bron en openbaarmaking van persoonlike inligting

Ons ontvang u persoonlike inligting direk van u en u werkgewer (byvoorbeeld van die gemeente). Predikante se data word van tyd tot die ABR (Bevoegdheidsregister Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk) se beskikking gestel.

Ons bevestig dat die NG Kerk in SA nie u persoonlike inligting sal of wil verkoop of u inligting aan enige derde party (anders as die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk) verskaf om dit vir hulle eie bemarkingsdoeleindes te gebruik nie.

Dit mag nodig wees dat ons u inligting moet verskaf om te voldoen aan die wette in Suid-Afrika of wanneer 'n hofbevel uitgereik word. Ons verskaf sulke inligting slegs indien daar 'n wettige rede daarvoor bestaan.

## Beskerming en sekuriteit van persoonlike inligting

Ons neem die veiligheid van u inligting baie ernstig op en het redelike tegniese en operasionele maatreëls geïmplementeer om u inligting te beskerm teen verlies, misbruik, ongemagtigde toegang, openbaarmaking, verandering en vernietiging. Ons maak seker dat al ons diensverskaffers dit ook doen.

Die NG Kerk in SA tree in diens van die Predikante Pensioenfonds van die Ned. Geref. Kerk in Suid-Afrika (PPF) ten einde die risikovoordede met Sanlam te fasiliteer. Om die premies in te samel, aan Sanlam te betaal en uitbetalings te fasiliteer, is daar 'n diensvlakooreenkoms tussen Sanlam en die NG Kerk in SA, Sanlam en die PPF en die NG Kerk in SA en Sanlam.

## Akkuraatheid van persoonlike inligting

Ons neem sorg om u persoonlike inligting op datum te hou. Kontak die NG Kerk in SA se Saakgelastigde of die sinodale kantoor se Hulpbronbeampte as u persoonlike inligting wil opdateer of bywerk:

Saakgelastigde: Ds Bossie Minnaar, [bossie@kaapkerk.co.za](mailto:bossie@kaapkerk.co.za)

Hulpbronbeampte: Mev Elmien Theron, [ngkadmin@kaapkerk.co.za](mailto:ngkadmin@kaapkerk.co.za)

Sien ook NG Kerk in SA se webwerf vir kontaknommers: <https://www.kaapkerkadmin.co.za/popia/>

## Bewaring van persoonlike inligting

Ons sal u persoonlike inligting bewaar vir die nodige tydperk om aan die reglemente en kerklike vereistes te voldoen en soos uiteengesit in hierdie privaatheidsverklaring. Dit mag nodig wees om van u persoonlike inligting buite hierdie tyd te bewaar vir historiese doeleindes of om aan wette te voldoen. U kan versoek dat die NG Kerk in SA u persoonlike inligting verwyder. U versoek moet met behulp van **Vorm 2** wat ingevolge POPIA vir hierdie proses uitgereik is aan die Inligtingsbeampte by [bossie@kaapkerk.co.za](mailto:bossie@kaapkerk.co.za) gestuur word. Let daarop dat daar wettige doeleindes kan wees wat ons verbied om u inligting te verwyder.

U kan Vorm 2 as 'n PDF of as 'n Microsoft Word dokument aflaai: [PDF](#) of [Word](#)

## Internetkoekies en ander opsporingstegnologieë

Die NG Kerk in SA het verskeie webwerwe. Die hoof webwerf is: <https://www.kaapkerk.co.za/>

Die NG Kerk in SA se POPIA en PAIA beleid, verklarings en handleingds is op die volgende webbladsy te kry:

<https://www.kaapkerkadmin.co.za/popia/>

Skakels na die ander webwerwe van die NG Kerk in SA kan op hierdie webwerf gevind word.

Die NG Kerk in SA se webwerwe word slegs vir inligtingsdoeleindes gebruik. Ons gebruik geen internetkoekies of ander soortgelyke tegnologie nie (soos webbakens of *pixel tags*), tensy dit nodig is om ons webwerf te laat werk (dit staan bekend as noodsaaklike internetkoekies). Bemarkingskoekies en derdeparty-koekies is nie op ons webwerf ingesluit nie, en ons maak nie daarvan gebruik om u gedrag op te spoor of vir advertensiedoeleindes nie.